# Voorraadopname

## Plaaslike ekonomiese nuus: April 2010

**DeurTendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Aan die begin van hierdie jaar was daar nog baie onsekerheid oor wat 2010 vir ons inhou. Nog met die letsels en nagevolge van 'n mark-ineenstorting in 2008, gevolg deur 'n erge ekonomiese resessie verlede jaar, was ons hoop gevestig op 'n mate van stabiliteit in 2010 om ons ten minste te help om weer ons voete te vind.
Lyk die prentjie dus in hierdie stadium, vier maande die nuwe jaar in, enigsins beter?

### 'Local' is lekker

Die groei in die ekonomie het in die laaste kwartaal van 2009 teen 'n koers van 3.2% ingeskop, wat ver bo verwagting was. Ander statistieke wat deur ekonome dopgehou word, soos motorverkope, kleinhandelverkope, asook opbrengs van die myn- en vervaardigingsektore, dui daarop dat ons in die eerste kwartaal van hierdie jaar 'n soortgelyke groeikoers kan verwag. Die ekonomie is dus besig om te herstel – maar wat van Jan Alleman?

Kom ons kyk na enkele belangrike syfers.

#### Verbruikersvertroue-indeks

Die beduidende toename in die jongste verbruikersvertroue-indeks spreek daarvan dat mense beter voel oor hul finansile vooruitsigte. Verlede maand se verrassende rentekoersverlaging met 50 basispunte sal help om vertroue 'n verdere hupstoot te gee en daar behoort ook 'n toename in verbruikersbesteding te wees.

#### Markherstel

Die JSE se Alle Aandele-Indeks het sedert verlede jaar sy sterk wending volgehou en met meer as 30% herstel. Dit het vanjaar sover met sowat 7% gestyg, wat 'n baie positiewe uitwerking op ons balansstate het, deurdat ons huishoudelike welstand op die oomblik veel gesonder lyk as 'n jaar gelede. Dit beteken ook dat ons aftree-spaargeld, wat JSE-gelyste aandele insluit, nou ook gesonder vertoon.

#### Huispryse

Vogens eiendomsagente het huiskoop-bedrywighede aansienlik toegeneem en, hoewel dit nie beteken dat huispryse die hoogte in sal skiet nie, sal hulle ten minste stabiliseer en behoort hulle vanjaar matig te styg.

#### Werkstabiliteit

Fundamenteel is die ekonomie besig om te herstel en een van die uitvloeisels is die skepping van 18 000 nuwe werkgeleenthede in die laaste drie maande van 2009. Dit is ongetwyfeld 'n beduidende ommekeer, nadat feitlik 900 000 mense verlede jaar hul werk verloor het. Mense is nie meer so bang om werkloos te raak nie, wat bydra tot 'n gevoel van vertroue.

## Die lewe na die Wêreldbeker

Die Wêreldbeker sal ‘n mate van positiewe momentum verleen, tesame met die regering se voortgesette besteding aan infrastruktuur. Die vraag wat ekonome egter vra, is: wat dan?

Suid-Afrikaanse besighede bestee nie en brei ook nie uit nie, wat beteken dat, hoewel daar reeds ‘n mate van werkskepping was, ons steeds nie in ‘n posisie is om verlede jaar se byna 900 000 werkverliese te herwin nie. Sakeondernemings is ook besorg oor die politieke geluide wat gemaak word met betrekking tot Suid-Afrikaanse nywerhede en sal nie beplan om uit te brei nie, totdat hulle seker is van die regering se voornemens. Dit is nog ‘n ope vraag watter uitwerking die Wêreldbeker op die ekonomie sal hê, en of die res van die ekonomie voldoende sou herstel het om op ‘n pad van sterk groei voort te gaan.

## Die Europese storm

Onweerswolke dreig op die horison in suidelike Europa. Jy het miskien al opskrifte raakgelees oor PIGS, wat nie na ‘n vorm van varkspek verwys nie, maar eerder na die versamelnaam wat vir Portugal, Italië, Griekeland en Spanje gebruik word. Hierdie lande staar omvattende probleme in die gesig, met groot begrotingstekorte wat vrese laat ontstaan dat hulle miskien nie hul regeringskuld sal kan terugbetaal nie. Griekeland is veral in groot moeilikheid en sal bes moontlik deur die res van die Europese Unie te hulp gesnel moet word. Omdat Suid-Afrika feitlik geen handelsbande met Griekeland het nie, sal dit ons nie regstreeks raak nie; maar dit kan wel ‘n uitwerking op die wêreldmarkte hê. Beleggers kan moontlik wegbeweeg van die meer riskante beleggingsopsies, soos in opkomende markte, wat Suid-Afrika insluit. Die wêreld is steeds in ‘n baie brose herstelfase en só ’n steurnis sou maklik ‘n internasionale rimpel-uitwerking kon hê.

## SA se finansies lyk goed

In vergelyking is Suid-Afrika veel beter daaraan toe. Ons is in staat om ons tekort te finansier met ‘n klinkklare plan wat in die begroting uitgespel word, oor hoe skuldvlakke in die volgende paar jaar verminder kan word. Die departement van finansies het ‘n paar weke gelede met welslae geld van die internasionale mark bekom, wat wys dat beleggers ook vertroue het in die Suid-Afrikaanse regering se vermoë om sy skuld te diens.

## Wat dit vir verbruikers beteken

Hoewel verbruikers groter vertroue het,geniet ons nog nie naastenby die vertrouensvlakke wat voor die krisis geheers het nie. Die meeste huishoudings voel nog die knyp terwyl hulle met skuld en stygende koste stoei. Dinge lyk egter beslis beter as ‘n jaar gelede.

Die beste benadering is altyd ‘n gebalanseerde een. Namate die druk op jou sak verminder, kan jy die geleentheid benut om jou finansiële posisie te verbeter eerder as om verdere skuld aan te gaan. Maar maak ook tyd en ‘n bietjie geld beskikbaar om jou te geniet en baat te vind by die positiewe luim wat gepaard gaan met die grootste sportgebeurtenis in ons geskiedenis wat voor die deur lê.

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*